Saamgestel deur **SUZAAN HALL**




Die S.A. Agulhas II

ONS GESELS OOR

# Die soektog na Endurance

DIE Suid-Afrikaanse ysbrekerskip S.A. *Agulhas II* het vroeër vandeesmaand uit Kaapstad vertrek om die skeepswrak van die *Endurance* te probeer opspoor.

Dié skip het aan die ontdekkingsreisiger Ernest Shackleton behoort, maar het in 1915 langs die kus van Antarktika gesink nadat dit in die ys vasgevang is.

Die doel van die nuwe sending, wat Endurance22 genoem word, is om die wrak op te spoor met behulp van die jongste tegnologie en dit met twee onderwaterrobottuie te verken. Die wrak sal onaangeraak bly, maar 'n 3D-skandering sal daarvan gemaak word – en die ontdekking sal regstreeks uitgesaai word.

Hoewel die *Endurance* destyds deur die druk van die ys beskadig is, sal die hout waarskynlik goed behoue gebly het omdat die water so koud is en ook omdat daar min lig en relatief min suurstof is.

Maar dit gaan geen maklike taak wees om daarby uit te kom nie. Nie net is niemand presies seker waar die *Endurance* lê nie; die ys in die omgewing maak dit uitdagend om daar te verken.

'n Vorige sending in 2019 moes afgestel word toe 'n onderwatervoertuig in die ys vasgevang is.

Tog behoort dit dié keer makliker te wees: Weens die klimaatskrisis en aardverhitting het baie meer ys teen dié tyd gesmelt.



**44**

Dit is hoe lank die Endurance in meter was.



**35–45**

Dit is hoeveel dae die Endurance22-ekspedisie na verwagting gaan duur.



## 'N MISLUKTE SENDING WORD 'N STORIE VAN OORLEWING

**Ernest Shackleton**, 'n Britse ontdekkingsreisiger, en sy span wou die eerste mense word wat Antarktika oor land oorsteek. Maar hul planne is in die wiele gery toe hul skip, die *Endurance*, in die Weddellsee langs Antarktika vasgeval het.

Dit het 10 maande lank in die seeys vasgesit voor dit daardeur stukkend gedruk is en gesink het.

Die bemanning van 28 mans het op die ys gekamp en is toe in reddingsbote na Elephanteiland, waar hulle van pikkewyne en robvleis oorleef het. Shackleton en vyf bemanningslede het toe 1 330 km ver na die eiland Suid-Georgië gevaar. Van daar af kon hulle 'n reddingsoperasie reël en die res van die bemanning op Elephanteiland gaan red. Almal het oorleef.